

## Gereformeerde Kerk Bellville – 28 Mei 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 12-2:2, 3 (Sb 27)

- 2 Hy wat deur die Gees ontvang is / – die geheimenis is groot! –  
en gebore<sup>n</sup>is uit Maria, / uit die maagdelike skoot.  
Wat gely het toe Pilatus / onregsvonnis het gevel –  
kruis en doodsmart ondergaan het, / al die angste van die hel.
- 3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;  
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.  
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,  
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 103:1, 7 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë  
as Isr'els Heer die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,  
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Gebed

Skrifberyming 3-2:1, 5, 6 (Sb 63)

- 1 Christus, die Seun, is beeld van God – / van God onsigbaar, gróót.  
Hy is die Eerste, Hy alleen – / die hoog verhewe Heer.
- 5 God met sy volheid woon in Hom, / só het God self besluit.  
Daarom kon Hy versoening bring – / Gods vrede weer herstel.
- 6 Christus moes sterwe aan 'n kruis; / Hy moes sy bloed laat vloei.  
Hemel en aarde, die heelal, / is só met God versoen.

**Skriflesing:** Galasiërs 3:1-14; Heidelbergse Kategismus, Sondag 15:39

**Kernvers:** Galasiërs 3:13-14

**Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang. (Galasiërs 3:13-14 AFR53)**

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie?**

*Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het (a), omdat die kruisdood deur God vervloek is (b).*

*(a) Gal 3:13. (b) Deut 21:23.*

## **Tema: Die kruis – 'n teken van vervloeking – 'n waarborg van verlossing**

Geliefde gemeente van Jesus Christus, ons het die vraagsteller leer ken as iemand wat aandagtig luister maar ook krities luister. In verlede Sondag se gesprek het ons gehoor hoe hy die fyn detail uit die Twaalf Artikels uitlig en daarvoor vrae vra. In vanaand se gesprek stel die vraagsteller weer nie teleur nie.

Hy het 'n bietjie gaan terugblaai na die vorige gesprekke om uit te vis oor die betekenis van die kruis. Buiten die gelowige se belydenis in die woorde van die Twaalf Artikels soos wat hy dit in Sondag 7 se gesprek gesê het, kom die woord kruis nêrens anders voor nie. Trouens, hy kan hom nie herinner dat daar in een van die antwoorde van die gelowige duidelik gesê is wat die ewige en regverdige straf op die sonde werklik behels nie. Die enigste aanduiding wat die straf op die sonde behels is in die heel eerste gesprek genoem. Daar het die gelowige onder andere gesê dat Jesus Christus met sy kosbare bloed vir al die gelowige se sondes betaal het.

Op grond van daardie woorde lei hy af dat die ewige en regverdige straf op die sonde onder andere beteken dat die Verlosser van sondaars moet sterf. En ja, as hy eerlik moet wees, die gelowige het nogal in elke gesprek oor die dood van Jesus Christus gepraat. Hierdie herinnering het die vraagsteller gedring om ook weer in die Bybel te gaan rondblaai om agter te kom wat die straf op die sonde behels. In sy soeke het hy by Romeine 6 uitgekom waar daar geskryf staan:

**Want die loon van die sonde is die dood.** (Romeine 6:23a AFR53)

Wanneer die vraagsteller uiteindelik by vanaand se vraag uitkom, kom 'n mens agter dat hy nog verder gaan lees het in verband met die aanslae op Jesus se lewe. Die kruisiging van Jesus Christus was nie die eerste keer dat mense probeer het om van Jesus ontslae te raak nie. Daar is ten minste twee gevalle waar mense 'n poging aangewend het om Jesus dood te maak. Die een keer was toe Jesus nog maar 'n Kindjie was. Toe wou Herodes Hom doodmaak, en in sy poging het hy al die seuntjies van twee jaar en jonger in Betlehem laat doodmaak. Daardie seuntjies is heel waarskynlik met die swaarde van die soldate gedood.

Die ander keer was toe Jesus vir die eerste keer nadat Hy met die Heilige Gees gesalf is in sy tuisdorp Nasaret was op die sabbatdag. Jesus het soos dit sy gewoonte was op die sabbat na die sinagoge gegaan. Hy het toe ook geleentheid gekry om 'n gedeelte uit die Bybel te lees en die mense daarvoor te onderrig. Toe die mense agterkom wat Jesus uit daardie Skrifgedeelte aan hulle sê, het hulle woedend geword. Hulle was so kwaad dat hulle Jesus uit die dorp uitgejaag het tot op die rand van die berg waarop die dorp gebou was. Hulle was so blind van woede dat hulle Jesus van die krans wou afgooi, maar dit het toe nie gebeur nie.

Afgesien van hierdie aanslae op Jesus se lewe wat nie gewerk het nie, is kruisiging tog nie 'n teregstellingsmetode van die Jode nie. Dwarsdeur die Ou Testament hoor 'n mens dat steniging die gebruikelike wyse van teregstelling was vir verskeie sondes onder die Joodse volk.

Na al hierdie nalees werk wat die vraagsteller gedoen, kom hy uiteindelik tot 'n slotsom. Dat Jesus moes gesterf het om sondaars te verlos, daarvoor is daar nie twyfel nie. Die dood is immers die loon van die sonde, daarom moes die Verlosser sterf. Steniging was tog die gebruikelike wyse van teregstelling onder die Jode, maar Jesus het nie so gesterf nie. En nou noem die gelowige ook nog in sy belydenis dat Jesus Christus gekruisig is. Het dit nou maar net te doen met die feit dat Pontius Pilatus as Romeinse gewerneur

Jesus veroordeel het? Die kruis was die Romeinse se wyse van teregstelling van gewone misdadigers wat nie Romeinse burgers was nie.

Al hierdie geredeneer en lees bring die vraagsteller dan uiteindelik om aan die gelowige te vra: **Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie?** Die gelowige weet dat die kruis vir die wat verlore gaan 'n dwaasheid is, maar vir hulle wat gered word is die kruis die krag van God. Vir hierdie vraagsteller sal die kruis miskien nie net na 'n dwaasheid klink nie, maar sommer 'n oorbodigheid aangesien hy vasgesteek het by die feit dat die Verlosser maar net moes sterf om sondaars te verlos.

Die gelowige wil graag dat sy vraagsteller ook sal insien hoe groot die krag van God in die kruis is en hoe groot die troos is vir die gelowige in hierdie lewe en die lewe hierna as gevolg van die kruis van Jesus Christus. Daarom sal hy aan die vraagsteller die volgende dinge moet vertel:

- Wat die vervloeking is wat op hom as gelowige gerus het
- Wat die kruis met die vervloeking te doen het
- Watter troos Christus se kruis vir die gelowige inhou in hierdie lewe en die lewe hierna

Broers, susters en kinders, Paulus het aan die Galasiërs geskryf:

**Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word.** (Galasiërs 3:13a AFR53)

By die kerke in Galasië het daar Joodse Christene gekom wat die gelowiges wou oorhaal om ook soos die Jode die wet te onderhou. Vir hierdie Joodse Christene was dit ogehoord dat 'n mens net deur in Christus te glo gered kan word en weer vir God aanneemlik is. God het immers die wet aan Moses gegee en hierdie wet moet ook gehoorsaam word. Daarom beteken dit mos dat die gelowiges in Galasië nog net halfpad gered is as hulle nie ook die wet gehoorsaam nie.

Omdat Paulus verlig is deur die Heilige Gees het hy dadelik gesien waarheen hierdie leer van die Joodse Christene gaan lei. Deur die gelowiges in Galasië wys te maak dat hulle beter verlos gaan wees as hulle ook die wet onderhou, beteken dit aan die een kant dat Christus halwe werk gedoen het toe Hy as Verlosser aan die kruis gesterf het. Dit is 'n uiters lasterlike ding om te sê, want God doen nooit halwe werk nie. En aan die ander kant kom hierdie leer daarop neer dat die mens eintlik in staat is om homself te verlos deurdat hy die wet onderhou. Sodoende word Christus dan uiteindelik heeltemal verloën, en dit mag nie gebeur nie.

Christus het juis gekom om die gelowiges los te koop van die vloek van die wet. Maar wat is die vloek van die wet? Om antwoord hierop te kry, moet 'n mens na vers 10 toe teruggaan. Daar haal Paulus die woorde van Deuteronomium 27:26 aan. Elkeen wat nie presies doen wat die Here in die wet voorskryf nie, is vervloek. En vervloek is nie maar om net geïgnoreer te word nie. Wanneer God 'n mens vervloek, dan verwerp Hy so 'n mens. Hy gee dan glad en geheel nie meer vir so 'n mens om nie, want die mens het dan die Here verwerp deur nie vir Hom te luister nie. As die Here is 'n mens vervloek, verklaar God self dat Hy nou die mens se vyand is. Hy is teen jou en maak nie saak wat jy probeer doen nie, niks sal uitwerk nie. En stadig maar seker druk die toorn van God so 'n mens net al verder en verder weg totdat die mens uiteindelik in die ewige verdoemenis beland.

Ons gaan nie vanaand tyd hê om in detail daarna te kyk nie, maar gaan lees Levitikus 26 en Deuteronomium 28. Daarin vertel die Here kaalvuis wat dit beteken as sy vloek op 'n mens rus.

In een van die heel vroeë gesprekke het die gelowige al vir die vraagsteller daarop gewys dat geen mens in staat is om volmaak aan die eis van die wet te voldoen nie. Niemand kan die wet presies uitvoer soos wat die Here dit beveel nie. En dan beteken dit nie maar net om die wet uit te voer soos wat jy dit woordeliks verstaan nie. Dit beteken dat 'n mens die wet behoort te gehoorsaam in sy diepte en wydte soos wat Jesus dit in Matteus 5 openbaar.

Dit beteken dan dat ook hierdie Joodse Christene wat so grootmond kon spog oor die onderhouding van die wet ook onder die vloek van die wet verkeer. Daar is nie een mens wat kan sê dat hy die wet presies gedoen het soos wat God dit bedoel het nie.

Alhoewel geen mens dit kan regkry nie, het Christus die wet in sy volle wydte en diepte presies gehoorsaam soos wat sy Vader dit bedoel het. Jesus is immers 'n regverdige mens – Hy het geen sonde nie. Hy is heilig en volmaak gehoorsaam aan sy Vader. Hy is die enigste een wat as mens nooit onder die vloek van die wet gekom het nie, want Hy het alles presies gedoen soos wat dit in die wet voorgeskryf word.

Noudat die vraagsteller weer herinner is aan die mens se eie onvermoë om volmaak gehoorsaam aan die wet te lewe en begryp wat die vervloeking is waarvan die gelowige praat, kan daar voortgegaan word om die verband tussen die kruis van Christus en die vloek uit te lig. Die hele vers 13 klink so:

**Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.**

(Galasiërs 3:13 AFR53)

Christus was glad en geheel nie onder die vloek van die wet nie, maar Hy het in die plek van die gelowiges 'n vloek geword. Of nog duideliker gesê: Hy het in die plek van die gelowiges 'n vervloekte geword deur aan die kruis te sterf. Die gelowige moet die vraagsteller gelyk gee dat kruisiging nooit 'n teregstellingsmetode van die Jode was nie. Oor die algemeen is mense wat skuldig bevind is aan 'n sonde wat die dood verdien, gestenig.

Maar let op dat Paulus weer hier aan die einde van vers 13 'n aanhaling uit die Ou Testament maak. Hierdie keer uit Deuteronomium 21. In daardie hoofstuk het die Here aan Moses die voorskrif gegee dat iemand wat tereggestel is en dan aan 'n houtpaal opgehang word, sy liggaam nie tot die volgende dag aan die paal mag hang nie. Iemand wat dus die doodstraf gekry het en sy lyk is aan die paal opgehang, is daarmee te kenne gegee dat so 'n mens deur God vervloek is. Hy is nie vervloek omdat hy aan die paal hang nie. Hy hang aan die paal omdat hy deur God vervloek is.

Nou begin daar vir die vraagsteller 'n lig opgaan. Hy sien hoe God dit bestier het dat sy Seun voor die regterstoel van Pontius Pilatus te staan gekom het. Die Jode sou nooit iemand lewendig aan 'n kruis vasgespyker het nie. Hulle sou sy lyk aan 'n paal opgehang het nadat hy met klippe doodgegooi is. Maar verlede week is daar in die gesprek daarop gewys dat Christus nie vir Homself voor die regterstoel van Pilatus gestaan het nie. Inderwaarheid het Christus in die plek van gelowiges op wie die vervloeking gerus het voor die regterstoel van God gestaan om regverdig deur die Vader as 'n vervloekte veroordeel te word. En die bewys dat Christus die vloek op Homself geneem het, het die Heilige Gees eeue gelede in Deuteronomium opgeteken. Christus is gevonnissen om aan 'n houtkruis te sterf – wie aan 'n houtpaal opgehang is, is deur God vervloek.

Die gelowige het nou aan sy vraagsteller duidelik gemaak wat die vervloeking behels wat op hom gerus het. Hy het so pas gewys wat die verband tussen die kruis en die vervloe-

king is. Nou bly daar nog net oor om vir die vraagsteller te vertel watter troos dit vir hom inhou dat Christus die vervloeking van hom weggeneem het.

Christus het die vloek uit my lewe en in besonder uit my lyding weggeneem. Dink net hoe verskriklik sou dit gewees het as ek in my lyding moes dink: God vervloek my. Dit sou die lyding in hierdie wêreld nie net verskriklik gemaak het, maar geheel en al ondraaglik. So was dit inderdaad vir Christus. In sy lyding en sy kruisdood het Hy die vloek van God gedra. God het Hom vervloek en Hom uiteindelik in daardie drie ure duisternis aan die kruis uit sy gesigsveld uit weggedruk in die verdoemenis in.

Vir wie in Jesus Christus glo, het dit nou anders geword. Christus het die vloek van die gelowige weggedra, nie net vir die eindoordeel nie, maar alreeds vir die lyding in hierdie wêreld. Nou kan selfs die lyding vir die gelowige tot seën strek. Ter wille van Christus laat God ook die lyding ten goede meewerk vir die gelowige. Ja, dit beteken nie dat die Here 'n mens deur die lyding heen net vashou en dit aan die einde weer beter laat gaan nie. Die lyding self word tot seën vir die gelowige verander, want deur die lyding word die gelowige gelouter en geheilig – leer hy om nader aan God te lewe.

En dit is nie sommer net iets wat die gelowige wens nie. Hy sê dit in sy antwoord aan die vraagsteller: **Ek is seker**. Hoe langer 'n mens nadink oor die lyding van Christus, hoe persoonliker en inniger word dit vir die gelowige. Die gelowige kan met tranes in die oë bely: Ek het Christus deur my sonde aan die kruis gebring, maar hy kan ook nederig voor die kruis kniel en bely dat uit daardie wonde van Christus seën in sy lewe invloei. Met die evangelie verseker die Heilige Gees hom deur die geloof: Christus het ook vir jou die vloek weggeneem. Daarvan kan die gelowige seker wees, want God beloof hom dit in die evangelie. En Hy sê dit aan sy gelowige toe by sy doop. Hierop steun die sekerheid van die gelowige – nie op sy geloof of sy gebed nie – maar op die belofte en toesegging van God self.

Christus het die vloek vir ewig vir hom weggeneem. As jy dan wil roem, roem in die kruis van Christus – dit is die krag van God.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 32:4, 5 (p. 152)

- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,  
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.  
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,  
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.
- 5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier; / Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,  
wat mensehand moet dwing met toom en tuig / tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.  
Die goddelose man het baie smarte; maar wie op God vertrou van ganser harte,  
hom sal gewis, ook onder kruis en druk, / die guns van God 'n krans vleg van geluk.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

